
GELOOF
In Die Woord

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

"..In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon…" Joh. 1:1 & 14



FAITH
In The Word

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

"...In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. And the Word became flesh and dwelt among us…" John 1: 1 & 14

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411 - www.stangerchristiancentre.co.za

Vurige Gebede Volgens God se Woord

Dit is belangrik dat jy oortuig is dat dit God se Wil is dat jy gered en gesond moet wees en dat jy in Sy vrede, en liefde moet wandel. Dit is ook belangrik dat jy weet dat as daar siekte, ongeluk en nood oor jou lewe kom, is dit Satan wat dit oor jou bring. Wanneer jy dan jou situasie na God toe geneem het, glo, sonder twyfel (Mark. 11:23) dat daar van nou af veranderinge in jou lewe gaan kom (Rom. 12:3, Matt. 17:20). Maar Satan sal gou weer sy kop uitsteek en as jy nie onmiddellik verandering in jou omstandighede sien, of verbetering in jou siektetoestand nie, gaan hy twyfel saai in jou hart. En dis hier Geliefde, wat ek vir jou wil bekendstel aan 'n baie belangrike geestelike waarheid, ag sommer 'n nuwe lewenswyse. En ek wil jou vra om jou gees hiervoor oop te maak en dit vas te gryp, want hierdeur sal jy nie net twyfel van Satan kan vernietig nie, maar God sal jou omstandighede in jou lewe verander.

Onthou jy toe Jesus vir 40 dae in die woestyn was en die duiwel Hom versoek het, wat het Jesus as wapen gebruik? (Luk. 4:1-13) Ja, die Woord van God. Hy het elke keer vir satan weerstaan met: **Dit is geskrywe.** Kom ons kyk na jou siekte: ons het saam gebid, en omdat ons in Jesus se Naam vir jou genesing gevra het, het God onmiddellik begin genees. Jy kan dalk nie die uitwerking van jou gebed onmiddellik sien nie, maar Vader God het gesê wanneer jy bid glo dat jy ontvang en jy sal dit verkry. (Moet nie eers glo wanneer jy dit verkry het nie.) Dit is geloof! Nou val Satan jou aan en sê: "Maar is jy seker jy is genees – wat van al die pyn wat jy nog verduur?" Dan sê jy vir hom: Daar is geskrywe: **Jesus Christus het vir ons sondes en ons siektes aan die kruis gesterf en deur Sy Wonde het daar vir ons genesing gekom (Jes. 53:4-5)** Daarom is my genesing volbring volgens God se Woord en mettertyd gaan ek ook sien en voel dat ek genees is. Ek beveel wyk nou Satan, in Jesus se Naam. (Jak. 4:7)



"God se beloftes wat verband hou met jou situasie moet daaroor uitgespreek word, maar die belangrikheid lê daarin dat jy dit met jou hart moet glo en hardop uitspreek, en dat dit met elke aanval voortdurend gedoen moet word."

Miskien moet jy dit elke halfuur doen, miskien vir dae of weke, maar glo my, nie net jou eie geloof gaan opgebou word soos jy jouself hoor spreek nie, maar jou siekte gaan verdwyn en jy sal gesond word, volkome! God se Woord het omstandighede verander! (Ps. 107:20 en Spr. 4:22). Jy is besig om God en Sy Woord te glo en te vertrou, in stede van Satan se leuens.

Skrifdele wat verband hou met jou situasie moet daaroor uitgespreek word, maar die belangrikheid lê daarin dat jy God se beloftes met jou hart glo en dat dit hardop uitspreek en dat dit met elke aanval voortdurend gedoen moet word. As jy kinders het wat in hulle jonkheid ongehoorsaam en opstandig is, bid en vra die Here om hulle lewens te verander en daarna sê elke dag OOR en VAN hulle wat God se Woord van hulle sê en nie wat jou oë sien hoe hulle optree nie! En geleidelik sal daar verandering by jou kinders kom, want God hoor jou gebed en Sy Heilige Gees sal hulle in ooreenstemming bring met Sy Woord. En dan moet jy aanhou om elke dag God daarvoor te bedank, te loof en te prys vir dit wat Hy in hulle lewens besig is om te doen. Moet nooit ophou om God se Woord oor hulle te spreek nie, want dis daardie Woord wat hulle beskerm en bewaar en standvastig hou. Spr. 18:21: **Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet.**

Presies dieselfde prosedure kan gevolg word vir 'n wansituasie in 'n huwelik, of 'n finansiële behoefte, of 'n onderhoud vir 'n nuwe werk, of die aflê van 'n belangrike eksamen – die

(vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Vurige Gebed….)
hoeveelheid situasies is menigvuldig, want God se Word kan elke situasie verander. 'n Waarskuwing is egter ook gepas: onthou hierdie sê van die Woord is nie 'n tower formule of ritueel gebed of positiewe denke nie, maar moet met groot erns en 'n diepe geloof in God se Woord, Sy beloftes en Sy vermoë in jou hart gedoen word. En jy moet sorg dat jou verhouding met jou medemens reg is, en dat jou lewe getuig van jou gehoorsaamheid aan Sy opdragte.

Kyk weer na Genesis hoofstuk 1 – merk jy hoe God alles geskape het? Gen. 1 vers 3: **En God het gesê …… .** Deur Sy Woord het God geskape. Lees in die Nuwe Testament hoe Jesus Christus selfs met die vyeboom en die golwe van die see en die wind gepraat het, en hulle het verander. (Matt. 21:19 en Matt. 8:27)

Hierdie selfde beginsel van God te vertrou en Sy Woord te glo en oor jou omstandighede te spreek, kan kragtig werksaam wees vir jou man wat 'n drankverslaafde is, of vir jou seun wat 'n huweliksmaat soek of vir innerlike probleme soos vrees. (i.v.m jou huwelik kry ons boek 'N SUKSESVOLLE HUWELIK)

Dit is egter op hierdie stadium ook paslik dat ons net 'n rukkie sal stilstaan en ons gesindheid teenoor die Woord sal in oënskou neem, want hierdie gesindheid sal outomaties ook ons gesindheid teenoor God Self weerspieël. Die Woord is tog God wat met ons praat. God en Sy Woord is een en dit behoort vir jou so werklik te wees asof Jesus by jou staan en persoonlik met jou praat. Joh. 1:1 bevestig dit: In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God.

Kom ons kyk wat dink God van Sy Woord. **Matt. 24:25: Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar My woorde sal nooit verbygaan nie.**

Luk. 16:17: Maar dit is makliker dat die hemel en die aarde verbygaan as dat een titel (komma of punt) **van die wet** (die Woord) **sou val.**

Heb. 13:8: Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid.

Omdat ons weet Jesus Christus was die vleesgeworde Woord kan ons soos volg sê:

Die Woord is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid. Ps. 119:89: Vir ewig, o Here, staan U Woord vas in die hemele. Jes. 55:1: So sal My Woord wees wat uit My mond uitgaan: dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur.

Jer. 1:12: …. want Ek is wakker oor My Woord om dit te volbring.

God het ons Sy Woord gegee om daar volgens te lewe. God het ons Sy Woord gegee om uit te styg bo swak omstandighede. **Die Woord van God is ons Wapen.** In Ef. 6:17 word dit die Swaard van die Gees genoem. Ons het reeds genoem hoe Jesus tydens die versoeking in die woestyn deur Satan slegs hierdie Swaard as wapen gebruik het. Moet nie toelaat dat enigiets of iemand jou verhinder om God se Woord te bely en oor jou omstandighede uit te spreek nie. Die Woord is jou kontak met God. Dit is God se kontak met jou!

In Heb. 4:12 lees ons dat die Woord <u>IS</u> (teenwoordige tyd). Die Bybel spreek NOU tyd, daarom, elke keer as jy die Bybel lees, spreek dit in/vir daardie oomblik.

Want die Woord van God is LEWEND en KRAGTIG en SKERPER as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart.

God se Woord is Lewe! Jesus is die Woord, en die Woord LEWE. Dit LEWE wanneer die gelowige dit glo en dit uitspreek. GLO wat jy sê volgens God se Woord.

God se Woord produseer of bring voort! Die gesproke Woord werk wanneer ons dit uitspreek. Jesus sê in Joh. 15:7: **As julle in My bly en My woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê en julle sal dit verkry.** Ons lees ook in Joh. 8:31-32: **En Jesus sê vir die Jode wat in Hom geglo het: <u>As julle in My Woord bly</u>, is julle waarlik My dissipels. En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak.**

Hier is 'n baie belangrike sleutel waarom ons gedurig die Woord moet bestudeer en oordink en memoriseer, sodat dit IN ONS KAN BLY, in ons binneste in ons gees kan woon.

Nou moet jy die Woord, God se belofte, wat op jou omstandighede van toepassing is, uitsoek en GLO en HARD OP BID. Die resultate en verandering sal soms baie langsaam kom, maar deur hierdie gebed bou jy jou geloof tot dit so sterk is dat die berge sal skuif volgens Matt. 17:8, en jy sal met jou fisiese oë sien hoe die veranderinge kom in jou en jou geliefdes se lewens.

Terselfdertyd hoor Satan ook God se Woord en hy vlug, want jy weerstaan hom soos die Bybel voorskryf met God se tweesnydende swaard. (Jak. 4:7)

Ps. 138:2: ….. want U het U Naam en U Woord bo alles gestel (King James Vertaling: **….. for thou hast magnified Thy Word above all Thy name).** Weereens onderstreep dit hoeveel waarde God aan Sy Woord heg. Daarom kan jy as Sy Kind, verseker wees dat die ernstige en toegewyde spreek van Sy Woord in jou lewe, wondere gaan verrig! – AS JY DIT IN JOU HART GLO EN MET JOU MOND DIT BELY!!

"God se Woord is Lewe! Jesus is die Woord, en die Woord LEWE. Dit LEWE wanneer die gelowige dit glo en dit uitspreek. GLO wat jy sê volgens God se Woord."


Maar gebede sal nie werk tensy jy 'n vergewende hart het nie. Jy kan nie weerwraak en haat koester en 'n effektiewe gebedslewe hê nie: daardie gesindheid van terugkry moet verdwyn uit jou hart uit. Moenie eers die kleinste bietjie bitterheid, afguns of wraak vertroetel nie, want dit groei vinnig en verander in groot goggas wat die duiwel meesterlike gebruik, om jou geestelike, en dikwels ook fisies, magteloos te maak en te hou. Onthou die man wat vergewe was het sy naaste nie vergewe nie, en het homself oorgegee aan die pynigers. Jesus het jou vergewe, sal jy nie ook vergewe nie?

Bring gereeld klein griewe en liefdelose neigings in jou hart na God en gee hulle dadelik oor aan Hom en laat Hy jou reinig met die krag in Jesus se Bloed, dan kan jy al die ander reëls van gebed wat ons bespreek het toepas en **God sal dit wat jy vra, vir jou gee.** Halleluja!

Ons moet weet hoe om te bid uit die mond van drie Bybelse Getuies: nl. Matt. 6:7-16; Mark. 11:24-26 en 1 Joh. 5:14-15. Spreek God aan as jou Hemelse Vader, loof en prys Hom voordat jy iets vra. Dit is die sleutel tot Sy teenwoordigheid—danksegging en lofprysing en nie die beskuldigings en bevraagtekens nie. Daarna vra jy jou Hemelse Vader wat jy nodig het. Jesus sê sewe keer in Johannes hoofstukke,14,15 en16: **Vra enige iets in My Naam**. Moet

(Vervolg op Bl. 6)

purposeful prayer



"....this is essential to our prayer life because this simple yet profound truth motivates us to earnest, honest and real dialogue with Him. We really need that revelation in our hearts as it brings with it the realisation that sincere prayer is always heard and answered by God."

Before we pray to our Father God, we need to be consciously aware of the fact that we are speaking to, and communicating with, a loving, living Heavenly Father! This is essential to our prayer life because this simple yet profound truth motivates us to earnest, honest and real dialogue with Him. We really need that revelation in our hearts as it brings with it the realisation that sincere prayer is always heard and answered by God. **1Jn 5:14-15 And this is the confidence that we have in Him, that, if we ask any thing according to His will, He heareth us: And if we know that He hear us, whatsoever we ask, we know that we have the petitions that we desired of Him.**

It is imperative that we have the assurance that He hears us when we pray, and that He promises to answer prayer that is prayed according to His Will. And how do we know His Will ? His Will is recorded in His Word, the Bible! In other words, His will is His Word, and His Word is His Will ! We can therefore conclude that when we pray Father God's Word back to Him, He will respond to this truth and react upon it ! When you became a child of God by giving your heart to Jesus, declaring Him your Saviour and Lord, (according to John 1:12), you gained the privilege of being able to come directly to the Throne of Grace in order to make your petitions known to your Heavenly Father. The Bible teaches us always to approach Father God in the name of Jesus, because He alone paid the price for our reconciliation to God, with His precious Blood at Calvary, (Joh.16:23-24). Thus when we pray, we pray to the Father, in the Name of Jesus, by the power of the Holy Spirit. (Rom. 8:26)

We need therefore to be in a right relationship with God, through Jesus Christ, (1 Cor. 1:30) and then we are able to come before the throne of our Lord God boldly and with liberty, thanking, praising and making our requests known unto Him. There are many religions who pray to their "god", but they deny the only mediator,(ordained by our Heavenly Father), between man and God – the man Christ Jesus. (1 Tim. 2:5). Their prayer is thus in vain. It is imperative that we are sure of our salvation, through the Blood of Jesus Christ, before we come to God in prayer. We need to serve Him and live for His glory, as His obedient Blood-washed children.

You must come before the Lord in earnest repentance, and ask forgiveness for sins committed, confessing them and believing that the Lord, in His great mercy, cleanses you from all sin and you become a new creation in Christ Jesus. If you do not confess and repent of your sins, turning your back on them, they become a barrier between you and Father God, a stumbling block in your spiritual life. They form a blockage, often preventing God from working in and through us, or hearing and answering our prayers, and this produces frustration and despondency which may lead to backsliding to our previous state. If you are aware of any sin that could separate you from the Lord, confess it immediately, asking for forgiveness and stand on God's promise in 1 John 1:9, which says: **"If we confess our sins, He is faithful and just to forgive us our sins, and to deliver us from all unrighteousness."**

As you prayerfully wait upon the Lord , God's Holy Spirit will reveal anything else that may be a blockage in your spiritual walk with the Lord. Read the Bible and ask the Lord to show you what this might be – WAIT EXPECTANTLY ON THE LORD – listening to His voice in your heart.

The sin that is often the most difficult to deal with is **unforgiveness,** which brings deep sadness to our Father's heart. (Matt. 18:23-35)

When you come in prayer, trusting the Lord for healing, deliverance or provision, it is of the utmost importance that you have no unforgiveness towards anyone, as this is one of Father God's specific requirements for answered prayer. Check your heart. We often pray **"forgive us our trespasses",** but we forget that the Scripture says ….. **"as we forgive those who trespass against us." Matt. 6:14-15.**

You may reason … "but that person has done me such a great injustice, I can never forgive them!" However, it does not matter **what** they have done, the Word of God commands us to forgive them. God does not say that we are to forgive if we are the guilty party, no, guilty or innocent – HE SAYS FORGIVE! Read Matt. 8:21-35 and Luke 17:4.

In Mark 11:23-24 we find a wonderful promise from the Lord: **For verily I say unto you, That whosoever shall say unto this mountain, Be thou removed, and be thou cast into the sea; and shall not doubt in his heart, but shall believe that those things which he saith shall come to pass; he shall have whatsoever he saith. Therefore I say unto you, What things soever ye desire, when ye pray, believe that ye receive *them,* and ye shall have *them.*** But read on to verse 25 and 26: **And when ye stand praying, <u>forgive,</u> if ye have aught against any: that your Father also which is in heaven may forgive you your trespasses.**

Mark 11:26: But if ye do not forgive, neither will your Father which is in heaven forgive your trespasses.

(Continued on page 4)

(Continued from page 3 - Purposeful prayer)

Also read James 2:13, 5:16 and Matt. 5:23-24.

HOW DO I FORGIVE? Forgiveness is not optional, it is essential!! It is also not an emotion, but a choice. I choose to obey God's instructions in His Word. Most unanswered prayers can be traced back to an **unwillingness** to forgive another! If the Lord convicts you of unforgiveness harbored in your heart, then you need to confess it before Him, and ask Him to forgive you. This prayer example may give you some guidance, but pray sincerely from your heart: **My Heavenly Father, I know that I hold deep resentment, even hatred in my heart towards** (person's name) **This is sin in your eyes. Deliver me and sanctify me by Your Blood as I choose to forgive** (person's name) **You forgave me when I was still a sinner, not deserving of your grace and mercy. Father I ask that You give me your grace, Your love to forgive** (person's name) **You promised in Your Word (the Bible) that You would do anything that I asked in Jesus Name, according to Your Will. Please remove all unforgiveness and resentment from my heart this moment. I choose to forgive in obedience to your Word. Give me Your love for** (person's name) **in Jesus Name. Thank you Lord. Amen.**

I would like to suggest that you read our book "The Power of Forgiveness", which will strengthen your heart when you understand the amazing forgiveness Jesus portrayed towards us. God is a caring Father who loves to give us the desires of our heart. (Psalm 37:4-5). Although God knows the thoughts, intents and desires of our heart long before we ask, He still longs for us to come to Him and tell Him of our needs and desires in vocal prayer, as a child would approach his parent. We must, according to the Bible, make our requests known unto Him, and then He promises to meet our needs. (Phil. 4:19). Decide what the longing of your heart is, and search the Scriptures, (as for treasure to be discovered in His Word), in order to find God's promises regarding your particular need.

So often we pray long prayers of repetition, not believing or expecting God to answer. (Matt. 6:7-8) Are you actually praying, believing for an answer? Do your pray with expectancy? If not, your prayers are in vain. Take your Bible (the Sword of the Spirit), and search for specific promises pertaining to that desire for which your heart longs. God's Word is His Will for His children, and we can always ask for something according to His revealed will. If you pray contrary to God's Will, don't expect that prayer to be answered. This is often the reason why so many prayers remain unanswered. WE MUST PRAY FOR THINGS ACCORDING TO GOD'S WILL. (I John 5:14).

James 4:3 says: **You ask and do not receive because you ask amiss, that you may spend it on your pleasures.**

God expects us to study and get to know His Word – filling our spirit and soul with His Living Word. We read in **Joshua 1:8: This book of the law shall not depart out of thy mouth; but thou shalt meditate therein day and night, that thou mayest observe to do according to all that is written therein: for then thou shalt make thy way prosperous, and then thou shalt have good success.**

The Bible says that **"God hastens to perform His Word." (Jer. 1:12).** Jesus wants us to be rich in good thoughts concerning Him. He desires that His chosen ones delight in Him. He is revealed as "The Pearl of Great Price". (Matt. 13:46) God regards Him as "His Indescribable Gift". (2 Cor. 9:15) The Angels consider Him as "The Worthy Lamb of God". (Rev. 5:12)

Beloved, remember that Satan's aim is to succeed in getting a child of God to doubt the Father's Word and especially His promises to us. He knows that we will then just give up and lose that blessing or promise for which we once believed, therefore we must **know** the Scriptures in order to firstly believe them with our whole heart, and then to proclaim them, speaking them aloud in prayer with our mouth. Reminding Father God of His Word! (Isaiah 43:26) We read in Luke 4:1-13 that Satan tempted Jesus in the wilderness after He had fasted for forty days and nights. When resisting the devil's attack, Jesus said: "It is Written!", and quoted Scripture in order to successfully deal with His enemy. If we do not know how to use the Scriptures as our spiritual weapon, we will be robbed of our inheritance, and all the promised blessings purchased at such a great price at Calvary. Jesus says "I have inscribed you on the palms of My Hands, ie. Your person, your circumstances, your sin, temptations, needs, works and weaknesses – everything about you is inscribed on My hands. Beloved, never ever say that God has forsaken you – you are part of His very Being and He loves you with an everlasting love.

> **"We are instructed in God's Word to make our daily needs known to our Heavenly Father, even though He tells us that He knows what we have need of long before we ask (Math. 6:8)"**

We are instructed in God's Word to make our daily needs known to our Heavenly Father, even though He tells us that He knows what we have need of long before we ask (Math. 6:8), He still wants us to approach Him as a Father and trust Him to sort out our problems of us. However we must come to Him believing two things and they are, firstly that He is **able** to, and secondly that it is His **will** to! Here is a practical illustration: It is nearing the end of the month, and you don't know how far your finances are going to stretch in order to buy food for your family. This is when you should come to your Heavenly Father and make your needs known, then remind the Lord of His promises in Phil. 4:19, Psalm 23:1, Psalm 37:4, 2 Cor. 9:6-8 (to quote but a few). You believe that He has heard your prayer and so you start thanking Him for the answer to your prayer. Time may pass without you seeing anything beginning to happen so this is your time to stand firm in faith still trusting God's Word. If doubt or unbelief come to rob you from trusting the Word, God's promise, resist the devil, confess God's Word and BELIEVE WITH YOUR WHOLE HEART. (Rom. 10:10). **For God is not a man that He can lie**. **(Num. 23:19**).

Prayers not prayed in faith and with expectancy are just dead rituals. There is often a delay in God's answer to our prayers being manifested, but we must exercise steadfast patience and perseverance. We read in **Heb.10:35-36 Cast not away therefore your confidence, which hath great recompense of reward.**

For ye have need of patience, that, after ye have done the will of God, ye might receive the promise.

The Bible says**: fight the good fight of faith**. (1 Tim. 6:12)**.** This is saying in fact, that we are to fight to stay in faith;

(Continued on page 8)



Ons God van wonderwerke

…..Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Met blydskap doen ek hierdie terugvoering. 'n Maand terug het ek vir u 'n faks gestuur om te bid vir my kleindogter van 2 jaar en 8 maande wat skielik erg begin hakkel het. Met groot dankbaarheid teenoor ons Hemelse Vader is sy volkome genees en praat sy vlot. Baie dankie dat u altyd daar is en gewillig is om saam te bid wanneer daar 'n krisis is. Ek bid die Here se seën af op u en u sentrum. Liefde

Mev A Basson, Lydenburg

En dan 'n woordjie van dankbaarheid. Ek was 7 maand swanger in Desember en was baie bekommerd omdat my baba net 600g geweeg het agv. My stres toestand, en dat sy nie baie groter sou word nie. My tannie Anet Badenhorst het 'n gebedsversoek na julle toe gestuur, en Maart toe Gabriella gebore is het sy 2.9kg geweeg. Sy is 'n sterk klein dogtertjie en te pragtig vir woorde. Ek dank God en julle vir julle gebede!

A Badenhorst, Mokopane

Dit was seker al 20 jaar dat ek baie sleg geslaap het in die nag. In die oggend, as ek wakker geword het, was my lyf en spiere baie seer. Ek was verskeie keer in die verlede by dokters met hierdie klagte. Daar is toetse gedoen ens. Maar hulle kon met geen werklike diagnose of behandeling wat vrugte afgewerp het, vorendag kom nie. Ek het geleer om met hierdie swaar, saam te lewe. Soms het dit te erg geraak, en my moedeloos en depressief laat voel. Twee weke gelede het Dr James se naam by my opgekom. Tannie Corrie het vir my 'n nuusbrief van hom gestuur ons het toe besluit om 'n besoek aan hul sentrum te bring. Op Sondag, 1 Julie 07, het ons veilig en vroeg gearriveer, by die sentrum. 'n Ander pastoor het 'n kort en kragtige boodskap gebring. Dr van Zyl het daarby aangesluit, met die bediening van die nagmaal. Voordat dit bedien is, het my siel hom neergebuig voor my Maker. Ek het my hart uitgestort. In sy rede het Dr van Zyl uitgelig dat Jesus, na die wagte en mense se mishandeling, nie na 'n mens gelyk het nie, dat al Sy litte uit hul plek was, en dat Sy liggaam een groot rou wond was, voordat hulle Hom aan die kruis vasspyker het. Hy het die vers aangehaal: "Deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom." Sy rede het my baie diep geraak en ek het geween voor God. Alhoewel ek nie gemaklik was met die feit dat ek moes opstaan en vorentoe gaan vir gebed vir genesing nie, was ek tog gereed. Ek het my Bybel oopgemaak en gevra dat die Here met my moes praat. Daar staan toe helder en duidelik: "Wees gerus, dit is ek. Moenie bang wees nie." Markus 6:50b. Dr van Zyl het na die Nagmaal se bediening, gesê dat hy iets gaan doen wat hy nog nooit voorheen gedoen het nie, en hy het gevra: "Wie is genees na die gebruik van die nagmaal?" Ek het my hand dadelik opgesteek, want die skrif: "Hy wat twyfel, is soos 'n brander van die see..." het in my gedagte opgekom. Die Here vereis geloof, van Sy kinders. Die ander siek mense het vorentoe gegaan en daar is vir hulle hande opgelê en gebid. Verskeie kere het die vyand my gedagtes aangeval, deur dinge soos: Jy sal nie gesond word nie, daar moes vir jou gebid en hande opgelê geword het. Die Heilige Gees het weer op sy beurt vir my gesê: "Dit is God wat genees, geen mens nie." Ek het beter gevoel, ons het tuis toe gekom. Daardie nag het ek baie beter geslaap, so ook die Maandag nag. Dinsdag, 3 Julie, terwyl ek my dagteks doen, het ek weer met die Vader gepraat en vir Hom skrif gevra. Hy het weer op die eerste plek waar ek oopmaak het, met my gepraat deur Joh. 5:14: "Kyk jy is nou gesond...." Ek het gaan sit en die hele deel gelees. Vers 15 sê: "Die man het vir die Jode gaan vertel dat dit Jesus was, wat Hom gesond maak het." Toe het ek geweet ek moet kom vertel. Daardie nag het ek soos 'n baba geslaap. Ek weet nou verseker, die Here het Sy eie tyd met alles! Ek glo Hy het my ten volle genees, maar ek moet ook my kant bring vir Hom. In die loop van hierdie week het ek weer skrif gekry: Ps. 30:3; "Here, my God, ek het u aangeroep om hulp, en u het my gesond gemaak." So om gehoorsaam te wees aan sy roepstem, staan ek hier voor julle vanoggend, om van hierdie wonder in my lewe te vertel.

Mev M von Brandis, Bluff

Vandag wil ek net my getuie gee. Ouers moet nooit ophou bid vir julle kinders nie. Ek het baie ernstig vir Eben, my kleinseun gebid, hy was op 'n lelike dwaalspoor met baie lelike dinge. Twee weke gelede het hy na ons toe gekom, hy en sy vriendin om kom sê hy het Jesus aangeneem. Alles wat duiwels was het hulle verbrand. Alle eer aan Jesus!

Die Here seën almal by die Sentrum. Groete

Theunis en Herculene Barnard, Vereeniging

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Vurige Gebed)
Hom nie beskuldig vir jou probleme nie, want Satan en nie God nie, het hulle oor jou gebring en moet nie vir God voorskryf hoe om jou probleme op te los nie, maar vra Sy genade en Goddelike oplossing. Bid altyd die antwoord op die probleem. Jesus is ons voorbeeld en Hy het nooit die probleem gebid nie, maar die antwoord. Ons lees in **Joh. 11:41, 43 en 44: Hulle neem toe die steen weg waar die oorledene lê. En Jesus het Sy oë opgeslaan en gesê: Vader, Ek dank U dat U My verhoor het. En nadat Hy dit gesê het, het Hy met 'n groot stem geroep: Lasarus, kom uit! En die oorledene het uitgekom.** Let op Jesus se woorde "Vader, Ek dank U dat U My verhoor het," VOORDAT Lasarus uit die dood opgewek is. (vers 44). Hy het Sy Vader vir die wonderwerk bedank, voordat dit gebeur het!!

van God. Want onthou, as jy 'n sieklike, beklaenswaardige mens is, sal jou getuienis van redding baie min inslag vind by enige persoon al is jy hoe vroom en sogenaamd "Godsdienstig", want niemand stel veel belang daarin om 'n God te dien wat Sy kinders in sulke haglike omstandighede dompel nie. En dit is baie duidelik dat jy, wat jouself 'n Kind van God noem, of bitter min kennis van Sy Woord het, of heeltemal 'n wanbegrip daarvan, as jy voortdurend gebuk gaan onder siekte en nood en ongeluk en ellende, want dit is beslis nie God se Wil vir Sy Kinders nie.

Maar as jy gesond is, en jy en jou huis het volop om van te lewe en julle versprei 'n boodskap van die liefde en vrede van God deur julle hele praat en wandel, dan begin mense belangstel en vra hoe jy en joune dan regkry om in hierdie omgekrapte ou lewe so oorwinnend te lewe. En dan kan jy van God se Goedheid getuig, want dit het 'n werklikheid in jou lewe geword en ander sien dit en hulle stel belang om ook daardie God te dien.

> Nadat jy gebid het, glo dat jou gebede al klaar beantwoord is, volgens Mark. 11:24 wat sê: **Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry**, en dan loof God elke dag totdat die manifestasie daarvan plaasvind.

Nadat jy gebid het, glo dat jou gebede al klaar beantwoord is, volgens Mark. 11:24 wat sê: **Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry,** en dan loof God elke dag totdat die manifestasie daarvan plaasvind. Moet nie herhaaldelik weer oor dieselfde ding bid nie, want dan het jy in die eerste plek nie geglo nie, en jy bid in ongeloof! Maar jy kan wel die Vader herinner aan Sy beloftes. (Jes. 62:6)

Jesus Christus het aan die kruis gesterf vir ons sondes, krankhede en siektes. Lees daarvan in Jes. 53:3-4; Matt. 8:17 en 1 Pet. 2:24. Dit is Sy Wil dat dit met ons goed gaan en dat ons gesond sal wees – Hy sê so in 3 Joh. 2. Ons noem hierdie die geopenbaarde Wil van God, want dis in ooreenstemming met Sy Woord net soos dit in ooreenstemming met Sy Woord is dat ons almal gered moet word.

Wanneer ons dan bid vir genesing en ons gebed afsluit met: "as dit U Wil is", sê ons in werklikheid vir God dat ons betwyfel nou Sy Woord, die Bybel en dalk staan SY beloftes van genesing nie meer nie. Sluit liewer jou gebed vir genesing, verlossing, vergifnis, ens. af met die positiewe woorde: volgens U Wil!

Dit is uiters belangrik dat jy God se Woord sal leer ken en uitvind wat God van jou en joune sê, want dis slegs deur die Woord dat jy 'n oorwinningslewe sal kan lei tot eer

Wat sê God van My?

Ek is Sy Kind, want ek is wedergebore uit die onverganklike saad van die Woord van God. (1Pet. 1:23)

My sondes is almal vergewe en ek is gewas in die Kosbare Bloed van Christus (1 Joh. 2:12, 1 Pet. 1:18-19)

Ek is 'n nuwe skepsel (2 Kor. 5:17)

Ek is verlos van die mag van die duisternis en oorgebring in die Koninkryk van God. (Kol. 1:13)

Ek is losgekoop van die vloek van die wet (Gal. 3:13)

Ek is geseënd (Gal. 3:9)

Ek is genees deur Jesus se Wonde (1Pet. 2:24)

Ek is sterk in die Here (Ef. 6:10)

Ek is meer as 'n oorwinnaar (Rom. 8:37)

Ek is die lig van die wêreld (Matt. 5:14)

Hy het 'n welbehae in my voorspoed (Ps. 35:27)

Hy sal in al my behoeftes voorsien volgens Sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus (Filip. 4:19)

Ek is die sout van die aarde (Matt. 5:13)

Ek is die geregtigheid van God (2 Kor. 5:21)

Ek het die Groter Een in my, want groter is Hy wat in my is as Hy wat in die wêreld is. (1 Joh. 4:4)

Ek het die krag van die Heilige Gees ontvang: die mag om hande op die siekes te lê en te sien hoe hulle herstel word, mag om duiwel uit te dryf, mag oor al die krag van die vyand (Hand. 1:8, Luk. 10:19 en Joh. 14:12)

Ek kan alles doen deur Jesus wat my krag gee (Filip. 4:13)

Ek is 'n ambassadeur van Christus om die blye boodskap te bring (2 Kor. 5:20)

Ek sal geseënd wees in die stad en geseënd wees in die veld. (Deut. 28:3)

Niks sal my ontbreek nie (Ps. 23:1)

Die Here sal my nooit begewe en my nooit verlaat nie (Matt. 28:20). My liggaam is die tempel van sy Heilige Gees (1 Kor. 6:19)

God is die Here wat my liggaam gesond maak (Ex. 15:26)

God verwyder siektes uit my midde (Ex. 23:25-26)

God neem elke krankheid van my weg (Deut. 7:13-15)

Deur Jesus se Wonde is ek genees (1 Pet. 2:24)

Alles wat ek aanpak sal ek suksesvol uitvoer (Ps. 1:3)

Ek sal net boontoe gaan en nooit ondertoe nie (Deut. 28:13)

Net goedheid en guns volg my al die dae van my lewe (Ps. 23:6)

Ek neem toe in guns by mense (Luk. 2:52)

Wat sê God van My Kinders?

Hulle vrede sal groot wees, want hulle word deur God geleer (Jes. 54:13)

Hulle sal geseënd wees by hulle ingang en by hulle uitgang (Deut. 28:6)

Hulle sal die kop wees en nie die stert nie (Deut. 28:13)

Alles wat hulle doen voer hulle voorspoedig uit (Ps. 1:3)

God se Gees sal hulle nooit verlaat nie (Jes. 59:21).

Weereens is die voorwaarde dat jy in die regte verhouding deur Jesus Christus met God moet staan, dan kan jy die volgende beloftes jou eie maak, want hulle is vir jou, Kind van God! Glo hulle! Sê hulle dikwels hardop, leer hulle van buite, oordink hulle ernstig, voed jou gees daarmee en weereens hanteer jy die magtigste Wapen, God se Woord

(vervolg op Bl. 8)



Uit Dr James se Kantoor

Geliefde,

Die feit dat ons, net sterwelinge, deur middel van gebed kan kommunikeer met Almagtige God, Skepper van die hemele en die aarde, is bo ons menslike verstand en begrip! Natuurlik is Hy ons Hemelse Vader en Hy het ons so lief dat Hy Sy enige gebore Seun as `n lewende Menslike offer gestuur het, om die grusaamste dood op Golgota te sterf, sodat ons met Hom versoen kon word en weereens gemeenskap (persoonlike gemeenskap) met Hom kon hê in Jesus se Naam!

Die "fellowship" is so belangrik vir God omdat dit die werklike rede was waarom Hy ons gemaak het! Hy is ons Vader, ons is Sy kinders en Hy begeer om die hegte verhouding te hê wat ontstaan deur voortdurende en persoonlike kommunikasie. Net soos aardse ouers begeer om van hul kinders te "hoor" en deel te wees van alles wat in hul lewens gebeur, so is dit ook met ons Hemelse Vader, net meer so, omdat Hy nie net by magte is om aan ons meer liefde te vertoon en begrip te hê as wat ons aardse ouers het nie, maar Hy is bekwamer om ons probleme te hanteer en in ons behoeftes te voorsien!

Gebed is nie net ons "lewenslyn" nie, maar is noodsaaklik om `n voortdurende verhouding met Hom te hê. Ons kom in Sy teenwoordigheid met blydskap en dankbaarheid vir alles wat Hy is en vir alles wat Hy vir ons gedoen het. Dan verklaar Hy dat ons al ons behoeftes aan Hom moet bekend maak, al ons laste op Hom moet werp omdat Hy vir ons omgee. Net soos enige kind na sy pappie sou hardloop met sy behoefte, of met sy goeie nuus, so moet ons na ons Hemelse Vader hardloop en ons harte, ons gedagtes, hoop en ons besorgdhede voor Hom blootlê! Hy wil betrokke wees in ons lewe, nie net wanneer ons `n groot ramp beleef nie, maar ook in die goeie tye. Ons is tog Sy familie.

Ek het gehoor dat daar gesê is dat ons verhouding met God net so sterk soos ons gebedslewe is! Elke verhouding is afhanklik van voortdurende en gereelde kommunikasie, hoeveel meer tyd behoort ons nie te spandeer om `n nouer en intiemer verhouding met ons Hemelse Vader te ontwikkel nie. Gebed behoort so natuurlik vir ons te word soos om asem te haal. Die Bybel vertel ons in 1 Thess. 5:17 om **"sonder ophou te bid",** en Fillip. 4:6 vertel julle, **wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God**, want1 John 5:14 & 15 verseker ons: **En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens sy wil. En as ons weet dat Hy ons verhoor, dan weet ons dat, wat ons ook al vra, ons die bedes verkry wat ons van Hom gevra het.** Onthou altyd dat ons God `n lewende God is. Hy hoor jou wanneer jy bid en Hy antwoord elke gebed wat in geloof, volgens Sy wil gebid word.

Ek het gebid dat Hy jou, in jou area van nood sal seën. Ek het gebid dat Hy jou nader aan Homself sal trek, soos nooit tevore nie. Ek het gebid dat jou verhouding met Hom sal bloei en groei soos jy tyd met Hom deurbring in gebed. Ek het dit vir my en jou gebid en ek weet dat ons Hemelse Vader gebed beantwoord.

Ons is alreeds in die tweede maand van 2008 en die vakansie is iets van die verlede. Al die kinders is terug op skool en studente is nou besig met beplanning vir 'n wonderlike jaar van studie. Ons bid vir aanpassing in hulle nuwe omgewing en klasse en dat hulle uitstekend hierdie jaar sal vaar, soos die Here in elke kosbare jong mens se lewe sal onderneem en in elkeen se behoeftes sal voorsien.

Baie dankie vir die vriendelike boodskappe van liefde en ondersteuning wat ons gedurende Desember en Januarie ontvang het, wat altyd vir ons 'n bron van aanmoediging en opbouing is asook vir my pragtige verjaarsdag kaartjies en seënwense, mag die Here julle baie ryklik seën vir die mooi gedagte en gebaar. Dit is geskryf dat met dieselfde maat wat jy gebruik het om te gee, God aan jou terug sal gee, selfs nog meer. My spesiale dank aan julle vir die gee van jul tyd om aan ons te skryf en julle wonderlike getuienisse te stuur tot die lof van die Here. Ons waardeer jul liefde en ondersteuning vir die werk wat vanaf die Stanger Christelike

Dr James

Spesiale woord van dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.

Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

Bank besonderhede:
Stanger Christelike Sentrum
Eerste Nasionale Bank
Rek: 53730091667
Tak kode: 220129, Tak: Stanger
Faks: (032) 5525411

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.

***

(Continued from page 4 - Purposeful Prayer)
to remain in faith! Thus we see that it is quite scriptural to experience delays in actually experiencing the answer to our prayer at times, but God has answered in His perfect way, and we **will** experience that answer at the perfect time. Our part is to trust and obey, to remain expectant with hearts full of thanksgiving regardless of the time involved before actually seeing the answer to our prayer. Remember that nothing is impossible for God! (Matt.1:37). Our Heavenly Father is able to do far above what we can even hope, dream or imagine! (Eph. 3:20). God is able to perform that which is way above what seems possible in man's eyes! **Don't be passive and unbelieving in your prayer life!** God's Word says that we are in a spiritual battle. (2 Cor. 10:3-5 and Eph. 6:12)

If anyone came to rob you of what was rightfully yours, I am certain you would put up some sort of resistance, even a fight. We should have exactly the same attitude and response when Satan comes to steal God's promises from our heart. Yet somehow we just lie down and play dead when he comes to us with his lies, suggesting to us that God might not have meant exactly what His Word says! We allow him to steal God's Word out of our heart and to replace it with his doubt and unbelief! We must be alert, recognizing the devil's attacks on God's Word and on our faith in His ability to bring it to pass, and we must use God's Word as a weapon to withstand him and remain in faith! (Eph. 6:17). God declares that His Word will not return to Him void! (Isaiah 55:11)

It is imperative that we know and speak the necessary scriptures to resist Satan's lies. Proclaim: "IT IS WRITTEN!" The devil uses people to discourage us and to make us despondent, especially in spiritual matters. We must learn to resist the enemy body, soul and spirit. When it comes to healing, proclaim: **"By the stripes of Jesus I am healed."** (Isa. 53:4-5). It does not matter what sickness, pain or infirmity your may be suffering, your trust in the Lord will be built up once you choose to step out in faith, believing God and taking Him at His Word. (Rom. 10:17). **The choice is yours!**

I cannot over emphasize the importance of developing a "faith - filled" vital and vibrant prayer life with our Heavenly Father, not only so that our needs may be met, but in order that we may hear His voice and respond to His will and guidance for our lives. There is so much that we would miss in this life here on earth and in our life here after if we neglect to continually communicate with our "Abba Father" who imparts His wisdom, His desires for our life, His comfort, love, protection, healing and provision in every area of need. He says that our prayers come up to Him as sweet incense (Rev. 5:8). He delights in our prayers, and how much more is His delight when we are praying according to His very own heart with a firm knowledge of His Word!

Whatever your immediate need may be, let it be like a strong current, to carry you to His divine love and promises. Hasten to your Heavenly Father while He waits to meet with you and answer your prayer. □

BOEKE SE NUWE PRYSE

As gevolg van die verhoging van posgelde en drukkersmateriaal, het dit vir ons ongelukkig nodig geword om die pryse van ons boeke as volg te verhoog: groot boeke R16.00 elk, klein boekies R8.00 elk.

Prys verandering tree vanaf 1 Februarie 2008 in werking. Ons is dankbaar teenoor ons Hemelse Vader, wat dit vir ons moontlik gemaak het om vir amper 10 jaar die ou pryse te kon handhaaf en ons gee aan Hom al die lof. Ons wil u innig bedank vir u begrip, liefde en

(Vervolg vanaf Bl. 6 - Vurige Gebed)
(Joh. 8:31-32) en ondervind hoe jy vry word en in oorwinning wandel. Baie belangrik: GLO wat jy bid! □